



Dit is steeds my enigste troos

Teken in om 'n skakel na blitspos te ontvang

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan produksie@nhk.co.za

Webblad van die Hervormde Kerk www.nhka.org

Die redaksie aanvaar verantwoordelikheid vir die inhoud. Menings deur skrywers uitgespreek, is egter nie noodwendig die beleid of standpunt van die Hervormde Kerk nie.

Ek glo nog altyd jy moet 'n plan hê, met die wete dat dit sal verander. Februarie 2018 land ek in Taiwan, en 1 Januarie 2019 in Nederland – nie uit eie wilsbesluit nie.

Ek huur tans 'n woonstel in Hilversum, en werk as 'n Engelse laerskoolonderwyseres by 'n tweetalige skool genaamd Junior Campus. Die aanpassing hier was uit die aard van die saak nie so intens soos in Taiwan nie, en binne 'n jaar is ek redelik gevestig. In 'n Westerse land, 'n taal wat ek redelik goed kan verstaan (hoewel self skryf en praat, nou ja...), en 'n Protestantse kerk waar ek kan inskakel en wat soveel ooreenkomste het met ons Kerk. Natuurlik was die aardbewings en siklone in Taiwan effe te veel vir my Vrystaatse bloed, al oortref dit nie Suid-Afrika se uitdagings nie. Tog weet ons almal, dit maak nie saak waar jy jouself in hierdie wêreld vestig nie, jy weet nie wanneer verandering gaan gebeur nie.

Laten we met elkaar ... alsjeblijft beseffen dat onze intelligente lockdown een absolute luxe is die wij ons in het rijke Westen kunnen permitteren.

(Baby Tarawally; in *Trouw* – <https://www.trouw.nl/opinie/>)

Die sogenaamde *intelligente lockdown* beteken dat ons nie almal beperk is tot ons huise soos in Suid-Afrika nie. Restaurante, skole en dies meer is gesluit, maar alkohol en sigarette is wel beskikbaar en ons mag gaan stap. Ons het ook nou internet-kerkdienste en hou via verskeie *apps* kontak met ons leerlinge.

Volgens statista.com het Nederland tot op hede (21 April) 3 751 sterftes as gevolg van Covid-19. Die reaksies hierop is natuurlik uiteenlopend: Humor word gebruik om hierdie uitdaging te probeer verwerk, sekere mense is doodbang, ander is net gefrustreerd, ander is stomgeslaan dat so iets kon gebeur in 'n Eerstewêreldland; en dan is daar die minderheid wat op 'n fatalistiese wyse hiermee omgaan. Sommige mense is dankbaar vir die regering se besluite, party is kwaad omdat die reëlings te radikaal is, en ander omdat dit nie radikaal genoeg is nie. Ja, dis maar oral, mense kan nie saamstem nie.

Vir my is hierdie tyd anders, maar tog ook nie so anders nie. Om via Zoom of Microsoft Teams met kinders te kommunikeer, is wel 'n aanpassing. Die dood nie, veral nou, want dit herinner my aan my ma se dood. Sy is in 2015 oorlede, ook aan longontsteking. Minstens kon ons begrafnis hou en almal kon afskeid neem en dit, besef ek nou, was inderdaad 'n voorreg, hoe makaber dit ook al mag klink.

Betreffende afsondering: Ek is gewoon daaraan om meestal alleen te wees en minstens het ek geliefdes – soveel mense het kind nog kraai. Ek het 'n paar nuwe kollegas en vriendinne hier. My familie is versprei: Switserland, Taiwan, en Suid-Afrika waar ek nog 'n paar vriende, "my" geliefde gemeente en oudkollegas het. Die verlange na hulle is groot, maar nie groter nie. Inteendeel, ons het nou meer kontak as ooit, en ander mense sê dieselfde.

En hierdie pandemie en die gevolge daarvan? Die Here is met ons, waar ons ook al is, wat ook al gebeur. Ek is, buiten vir hierdie pandemie, intens daarvan bewus dat ons die dood nie kan ontvlug nie. Daarom is my enigste troos in lewe en dood, dat ek aan Jesus Christus behoort. Dit alleen is ons behoud, in alles.

Ds Paula Eksteen, Nederland

Lief en leed

- **Die volgende predikante verjaar tot 1 Mei, en word hartlik geluk gewens:**

- Donderdag 23 April: Di F (Francois) Evert (Declercqville) en CJH (Casper) Steenkamp (emeritus)
- Vrydag 24 April: Ds HP (Herman) van den Berg (Elandspoort)
- Saterdag 25 April: Prof AG (Andries) van Aarde (emeritus) en dr WAJ (Wimpie) van Schoor (Primrose-Oos)
- Sondag 26 April: Ds HPF (Paul) Kern (emeritus)
- Maandag 27 April: Dr KD (Kálmán) Papp (emeritus)
- Dinsdag 28 April: Ds P (Pieter) Rossouw (Sannieshof)
- Donderdag 30 April: Ds WJ (Wimpie) Steyn (emeritus)
- Vrydag 1 Mei: Ds NM (Nick) Alberts (beroepafwagting)

- **#hoop vir almal. Voorbidding vir Bybelgenootskappe**

- **Noord-Korea:** Die politieke situasie in die land bemoeilik Bybelwerk geweldig. Bid asseblief dat maniere gevind sal word vir mense in dié land om die Bybel te kan lees.
- **Suid-Korea:** Die Bybelgenootskap hier beplan om teen 2021 'n nuwe Koreaanse vertaling bekend te stel wat gemik is op lesers wat digitale media gebruik.
- **Japan:** Die interkerklike Bybelvertaling is die jongste vertaling van die Bybel in Japannees. Hulle hoop dat dit wyd gelees sal word.

Hierdie noodnommer is beskikbaar om dringende sake gedurende die Covid-19-noodtoestand in Suid-Afrika onder die aandag van die lede van die Bestuurskomitee te bring: 066 109 8308.

Gemeentes en bediening

- In die lig van die verlenging van die grendeltyd wat op 9 April aangekondig is, sal die personeel van die **Sinodale Dienssentrum** hul **dienste hervat op Maandag 4 Mei 2020**. Indien die situasie verander, sal daar weer daarvoor gekommunikeer word.
- Die Kommissie van die AKV het 'n **WhatsApp-groep** gestig vir **alle diensdoende predikante in gemeentes**, sodat hulle maklik en vinnig kontak kan maak tydens die grendeltyd. Daar is reeds uitnodigings aan predikante gestuur, maar baie van hulle het nog nie gereageer nie. Enige predikant van nog nie die uitnodiging ontvang het nie, word versoek om **dr Wouter van Wyk** so gou moontlik te kontak by 082 339 2332.
- Die **Sentrum vir Gemeentelike Bediening (SGB)** het die **Covid-19-hulplyn vir lidmate en predikante van die NHKA** bekendgestel. Die SGB vat hande met 'n gemeenskap van sielkundiges, beraders, begeleiers en terapeute wat bereid is om hierdie dienste *pro bono* en teen verlaagde tariewe beskikbaar te stel aan ons geloofsgemeenskap. Die dienste is beskikbaar vir diegene wat nie toegang het tot mediese fondse nie en wat moontlik nie normale tariewe vir dié tipe dienste kan bybring nie. Kontak een van die volgende persone vir hulp om die regte terapeut/berader te vind:
 - Prof Theuns Dreyer: 083 660 6486 / proftheuns@gmail.com
 - Mev Elna Esterhuizen: 079 878 6041 / elna@esterhuizenconsulting.co.za
 - Dr Frikkie Labuschagne: 082 873 6557 / frikkie@nhk.co.za
- **God se Woord kan nie ingeperk word nie.** Dr Gerhard Lindeque (Bybelgenootskap van Suid-Afrika) verduidelik: "In hierdie tyd van inperking is God se Woord vir ons 'n bron van hoop. Tegnologie maak die Bybel vir ons op nuwe maniere toeganklik. Hier is 'n paar moontlikhede:
 - Laai die toepassing **BibleSA** gratis af. Dit is beskikbaar by Playstore of iStore. Met

hierdie toepassing kan jy die Bybel in al die tale van Suid-Afrika lees en selfs daarna luister. Daar is ook leesplanne oor verskillende onderwerpe beskikbaar.

- Besoek die webtuiste www.bybelgenootskap.co.za. Onder die skakel *Hulpmiddels* kan jy die Bybel aanlyn lees, verskillende Bybelhulpmiddels aflaai of een van die Bybelvasvrae oor verskeie onderwerpe beantwoord. Veral laasgenoemde kan 'n lekker aktiwiteit vir 'n gesin wees om saam te doen.
 - Onder die skakel *Jaar van die Bybel* kry jy 'n Bybelleesrooster om die Bybel in een jaar deur te lees. Dit is nie aan datums gekoppel nie, jy kan dus enige tyd daarmee begin.”
- **GLOmedia.tv** is 'n inisiatief vanuit die Afrikaanse kerkgemeenskap wat Christelike kykstof in Afrikaans skep en beskikbaar stel. Hoewel daar 'n intekenfooi van R49 per maand betaalbaar is vir toegang tot die volle inhoud van die platform, het die direksie van GLOmedia.tv besluit om nou in die grendeltyd gratis kykstof beskikbaar te stel. Dit sluit in dagboodskappe, eredienste en Bybelverhale vir kinders. Dis **gratis** op www.glomedia.tv beskikbaar.
 - **Nuwe produksie van GLOmedia.tv.** Hierdie produksie is 24 uur voor die inperking opgeneem. **Ds Hannes van der Merwe** deel interessante inligting oor verskillende stukke musiek. Die produksie is **gratis**. Deur die geskiedenis was kerkmusiek 'n belangrike manier om hoop in die harte van gelowiges te laat brand. Kom luister saam na musiek wat in hierdie tye vir jou uitsig sal gee, en ontdek die stories agter die note. Al wat mense moet doen, is om hierdie skakels te volg.
<https://glomedia.tv/video/die-draer-van-hoop-deel-1/>
<https://glomedia.tv/video/die-draer-van-hoop-deel-2/>

NHK WAPADRANT

**DAAGLIKSE OORDENKINGS
& SONDAE EREDIENSTE**

die Kerk
MENLYN MAINE

DEUR DS. THOMAS DREYER, DS. STEVE OXTON & DS. PAUL VAN JAARVELD

f die Kerk ▶ die Kerk 🌐 diekerk.com ☎ 012 361 5016



Ds Louw van der Linde

- **Ds LJ (Louw) van der Linde** se ooreenkoms (deeltyds) met Evander is verleng.
- **Oudl Peet van Heerden** is die nuwe skriba van Gemeente Van Warmelo in Alldays. Sy kontakbesonderhede is 079 876 3228 en peet@nakato.co.za.
- **Gemeente Bloemfontein-Wes** is op 6 Augustus 1970 gestig, en vier dus vanjaar hul **50-jarige bestaan**. Die **feestyd** strek van **6 tot 9 Augustus 2020**. Alle oudlidmate is hartlik welkom om die geleentheid by te woon. Hiermee ook 'n vriendelike versoek dat indien daar oudlidmate is wat foto's en ander memorabilia van die gemeente in hul besit het, hulle dit vir die gemeente beskikbaar sal stel vir gebruik tydens die feestyd. Rig navrae aan die skriba, oudl Willemien Bloem, by wilred6@gmail.com of die kerkkantoor by nhgbw@lantic.net. Meer inligting sal later volg.

Kerklike publikasies



'n Gedig

Gestorwe planeet

Aerosolkannetjies pons gaatjies
in die dun osoondoek rondom
die aarde gespan –
toe smelt die pole,
seevlakke styg, uitgelate
gifgasse klim van onder
tot bo in die Hemel
en die Here alleen weet
wat het geword van die groen
gordels reënwoude
wat Hy geplant het.

Stofgepoeierde karkasse draf
oor die ver verlate vlaktes,
in die skoot van die skatkamers
edelgesteentes en minerale
rus dromme kernkragafval
TOT IN DOOMSDAY
Tjernobil en Three Mile Island
se halfleeftyd-uitstraling!

Menslike faeces in die bergstrome:
riviere mond uit in 'n riool-
oseaan, perdjies met blink
gekamde olieswart kuiwe
en skuimende rasende bekke
slaan dood neer, gevrekte visse
en voëls soos skulpe uitgespoel
op die strande, sing die swanesang
van 'n verlore paradys – gestorwe
planeet gemaak
met mensehande!

Eveleen Castelyn

(Uit: *Groen: Gedigte oor die omgewing*,
saamgestel deur Johann Lodewyk Marais, 90/3)

Barmhartigheid

- Die NHSV Dagbestuur het besluit om die **NHSV se 49ste Nasionale Kongres** wat van 14 tot 16 Junie vanjaar sou plaasvind, te **verskuif na 2021**. Na deeglike oorweging van al die huidige inligting tot ons beskikking soos veranderde grendeltye, gewysigde skoolvakansies, uiters moeilike finansiële tye en die onsekerhede rondom die Covid-19-pandemie, is besluit om die kongres te verskuif na 'n datum in 2021. Nadat ons na die *nuwe normale lewe* terugkeer in die nabye toekoms, sal ons weer oor al die feite besin en 'n nuwe datum vasstel vir 2021.
- Gemeentes, individue en besighede wat 'n **bydrae** wil maak **tot die ADV Rampfonds** kan hul bydraes by die Raad van Finansies inbetaal met verwysing 16RAMP + gemeentenaam. Wanneer belastingvrystelling (Art 18A) verlang word, moet dit in Plesion NPC se rekening inbetaal word. Kontak ds Gerhard Stoltz by gerhard@diakens.co.za vir die nodige inligting.
- **Gerrieshof in Rustenburg** het 'n **eenslaapkamerwoonstel** vir 'n bejaarde persoon beskikbaar teen R2 306 per maand. Dit is 'n ruim grondvloereenheid. Kontak mev Hannelie Fourie by 012 325 1857 x202.
- **Huis Frans Boshoff in Brooklyn** het 'n **eenslaapkamer-woonregeenheid** vir bejaarde persone beskikbaar teen R366 160 en 'n maandelikse heffing van R2 970. Die woonstel is geleë op die perseel van Machteld Postmus, naby winkelsentrums. Verskeie dienste word gelewer. Kontak mev Hannelie Fourie by 012 325 1857 x202.
- **Louis Trichardt-behuisingskompleks vir bejaardes** in Danville, Pretoria, bied kamergeriewe met drie etes per dag teen R4 435 per maand. Vir meer inligting, kontak mev Vicky Muller by 012 386 5310.
- **Ons Tuis (Andries Marié Oosthuizen) in Parys** het tans plek beskikbaar in die tehuise vir versorging van verswakte bejaardes teen R9 760 per maand. 'n Volledige versorgingsfasiliteit sluit in 24-uur-versorging, drie maaltye per dag en sekuriteit. Behuisingsfasiliteite teen R5 990 per maand is ook beskikbaar op dieselfde perseel; dit sluit drie etes en weeklikse wasgoed en skoonmaak van kamers in asook gratis deelname aan sosiale programme. Vir meer besonderhede, skakel matrone Teresa Broodryk by 056 811 2185.
- **Seniordal-aftreeoord**
Kieserstraat 126, Rietondale
2 eenslaapkamerwoonstelle te koop teen R520 000
1 eenmanwoonstel te koop teen R510 000
1 eenslaapkamerwoonstel te huur
Navrae: Ansie Joubert 012 329 4318 / 084 920 8723




Allegaartjie

“Profete en voorspellers hou verskillende scenario’s voor van wanneer dinge weer na ‘normaal’ sal terugkeer. Normaal? Van wanneer af is om nooit tot stilstand en stilte te kom nie normaal? Van wanneer af is om sig van die blou hemel en die seebodem te verloor normaal? Van wanneer af is om haweloses onder die oop hemel op straat te laat normaal? God weet, so kon dit nie aangaan nie.” (Prof Johann Rossouw, *Rapport Weekliks* 19 April 2020)

Toerusting

- Ons plaas graag die skakel waar 'n onderhoud met **prof Johan Buitendag** (emeritus en 'n voormalige dekaan van die Fakulteit Teologie en Religie van UP) asook sy twee *LitNet Akademies*-artikels gelees kan word:
<https://www.litnet.co.za/god-en-ons-brose-planeet/>.

- Twee nuwe boeke van **prof Andries van Aarde** (emeritus en voorheen redakteur van die *HTS Teologiese Studies*) is deur Cambridge Scholars Publishing gepubliseer: *Jesus, Paul and Matthew, Volume One: Discontinuity in content, continuity in substance* en *Jesus, Paul and Matthew, Volume Two: To and From Jerusalem*. Gaan na www.cambridgescholars.com vir meer inligting en om die boeke te bestel.



- **Akademie konferensie: Bybelgenootskap 200**

Donderdag 23 Julie

By Fakulteit Teologie en Teologiese Skool Potchefstroom

Hooftema

- Die impak van die Bybel in ons samelewing: verlede, hede en toekoms

Program

- Akademie konferensie 23 Julie (R100 – sluit verversings en Donderdag se middagete in)
- Dinee 23 Julie (R110 – bespreking en betaling noodsaaklik teen 15 Julie)
- Toeligtingssessie deur die eindredaksie van die *Bybel: Direkte Vertaling* 24 Julie (R90 – sluit verversings en Vrydag se middagete in)
- Fietsrit en toeligting: Vanaf die Totiushuis na Krugerskraal 25 Julie (gratis)

Registrasie vóór/op 15 Julie 2020 by elsabe.labuschagne@nwu.ac.za.

- **Brugbedieningskursus by UP**

Week 1: 27-30 Julie

Week 2: 9-12 November

Kursusleier: Prof Malan Nel

Koste: R2 500 (BTW ingesluit)

Plek: UP

Kursuspunte: 70

Navrae: Hesmarie Bosman, 012 420 4952 / hesmarie.bosman@up.ac.za



Belangrik: Bevestig vooraf dat beplande byeenkomste wel sal plaasvind, in die lig van Covid-19.

Fondsinsamelings

- **Gemeente Sasolburg-Suid: Wind-Ex**

Saterdag 23 Mei

Gesinspretdag en windbukskompetisie

Wen besondere mes – kaartjies R30 elk

Skakel Tobie by 083 327 1500 om deel te neem

Wenner word aangekondig op dié dag



- **Plesion en Rata Maatskaplike Dienste**

Wen 'n motor: Datsun Go ter waarde van R154 000

Koop 'n pakket van 200 (R5 000), 50 (R2 500) of 70 (R3 500) boekies

Maak wins van 75% of 50%

Hou jou eie kompetisie en trek jou finaliste voor 30 Julie

1 wenner uit elke pakket dring deur na finale sleutelpasgeleentheid

Finale sleutelpas op Rata se DRIVE FOR A CHILD Gholfdag

18 Augustus by Silver Lakes

Meer inligting: Ds Stephen de Beer (074 658 4630 / gsdebeer@gmail.com)

Diak Andries Pretorius (081 466 8691 / andries@rata.org.za)

Vir uitstallings van die voertuig, kontak diak Andries Pretorius

Kommentaar

“Sariné Potgieter, finalejaar teologiesestudent, se skrywe in verlede week se *Blitspos* oor die nuwe generasie predikante is 'n insiggewende siening. 'n Mens skep moed oor ons nuwe predikante, want hulle is goed voorberei om te sorg dat die *nuwegenerasiekerk* steeds staande sal bly! Baie dankie!” (Elmien Botha)

Betaalde advertensies in hierdie nuusbrieff

Die koste vir advertensies is R250 per plasing (BTW ingesluit). Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan die Raad van Finansies, ABSA tjekrekening nommer 020-000-287, takkode 632-005, **verwysing: u naam + blitspos.** Neem kennis dat die redaksie in uitsonderlike gevalle mag besluit om 'n advertensie nie te plaas nie en die adverteerder se geld terug te betaal.

Meer besonderhede oor advertensies kan aangevra word van produksie@nhk.co.za.

Gebed vir die week

Here, u Woord vertel ons oor en oor:

U is 'n God wat ons lot verander.

U het Abraham se kinderloosheid verander

en hom die vader van die gelowiges gemaak.

U het u volk se slawerny in Egipte verander en hulle vrygemaak.

U het hulle ballingskap in Babel omgekeer in 'n jublende terugkoms.

Ook vir óns het U al groot dinge gedoen, Here.

U verander swaarkry só onverwags in vreugde dat dit soos 'n droom voel.

U het die kruis van u Seun gebruik om ons te verlos.

Sy skynbare nederlaag het U verander in oorwinning oor sonde en dood.

Maar nou sukkel ons geloof al weer.

In swaarkry vergeet ons so maklik dat U die God is wat ons lot verander.

In verwarring verloor ons so maklik ons vertrouwe in u goedheid.

Daarom pleit ons, Here: Verander tog nou ook ons lot!

Ons sien hoe U ná somerdroogte weer die reën laat neerstort.

Hoe droë rivierlope verander in bruin, kolkende waters.

Doen dit ook vir ons, Here!

Laat ons dorre lewe weer bruis van u vreugde.

U het ons in dié land in 'n tyd ingelei waarin ons baie dinge moet prysgee.

Dit maak seer, Here.

Maak ons oë oop om te sien dat dit wat ons verloor, nie verlore is nie.

Ons het dit nie weggegooi nie, ons het dit gesaai.

Al is dit seer om so te saai, sal dit tog heerlik wees om die oes in te bring.

Al huil ons nou terwyl U ons hande oopdwing en eis dat ons dinge prysgee, sal ons alles in oorfloed terugkry uit u hande.

Leer ons saai, Here,

en leer ons uitsien na die dag van u heerlike oes.

Andries Cilliers

(Uit: *Die groot gebedeboek*, Piet Naudé 2014)